

11 September

Skrifgedeelte: Romeine 3:9-20

Fokusgedeelte: Romeine 3:19 en 20

Geen mens kan staande bly voor God nie

Almal is sondaars. Vanaf Adam en Eva is alle mense sondaars en daarom die dood skuldig.

As ons mense dit dalk sou vergeet, herinner God se Woord ons in die Ou en Nuwe Testament weer daaraan. Kyk maar na Prediker 7:20, Psalm 14, Psalm 53 en hier in Romeine 3. Dan ook nog in Jakobus en baie ander Skrifuitsprake word dit duidelik gestel: *Alle mense is die dood skuldig.* Ons verdien almal die dood – die ewige dood.

So kan ons almal saam met Psalm 130:2 dit uitkerm:

*“As U, o Heer, die sonde na reg wou gadeslaan,
Wie sou een enk’le stonde voor U, o Heer, bestaan*

Nie een mens kan staande bly voor God nie. Ook ons almal is die ewige dood skuldig. Hoe kan ons onsself dan nog probeer verontskuldig, of selfs gaan verhef voor die Here? Nee, ons kan onsself maar net verootmoedig voor God en soos Dawid in Psalm 5 bid:

*“Ontferm, o God, ontferm U tog oor my!
Ontsluit die bron van u barmhartighede,
Wis uit die smet wat kleef aan al my lede,
en maak my siel van sondeskuld weer vry!
Was my geheel tot my behoudenis,
Was weg tog, Heer, die skandvlek van die sonde.”*

Ons kan maar net soos die tollenaar, in die gelykenis bid: “O God, wees my sondaar, genadig.” Of ons kan soos die medekruiseling bely en bid: “Ons ontvang die verdiente straf vir ons dade”, en dan bid hy: “Jesus, dink aan my wanneer U in u koninkryk kom.”

Dan, uit groot genade, kan ons hoor van die tweede Adam, ons Here Jesus Christus: “Ek verseker jou: vandag sal jy saam met My in die paradys wees.”

Sing: Psalm 130:2

Ds PJW Linde (Emeritus)